**Die Eikestadwinkel**
(Edms.) Bpk.
PLEINSTR., STELLENBOSCH
VIR
- Deftige Mansklerasie
- Rakette
- Northampton Mansskoene

# DIE Matie

**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
*Dele is skaars maar ons doen nog ons bes.*
ONTHOU — in Pleinstraat
*Net langs Suikerbossie.*

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch — 2080 — 5/8/43.
ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.
DEEL III, No. 18 VRYDAG, 6 AUGUSTUS 1943 PRYS 1d.

## Studente Protesteer

### „SWARTLYS-STELSEL" MOET WEG!

Verlede Dinsdagmiddag is daar op 'n groot monstervergadering van studente in die Rekreasie-saal 'n mosie ingedien waarin van die Universiteitsowerhede beleefd versoek word om nie langer voort te gaan met die sogenaamde „SWART - LYS" - stelsel, waardeur studente wat geskors is of gewaarsku is se name in die publiek opgeplak word, nie.

Daar is in die loop van die bespreking aangetoon dat dit nie alleen 'n viktimisasie van die betrokke studente is nie maar dat dit goed vergelyk met die strafmetodes van 'n skool. Deur sulke maatreëls langer toe te pas, is verder gesê, doen dit net meer skade as goed aan ons Universiteit. Daar is klem op gelê dat die vergadering dit nie het teen strafmaatreëls nie, maar wel teen hierdie metode van publikasie van name van die betrokke persone.

Na 'n taamlik verteenwoordigende bespreking is 'n amendament van mnr. Tinie de Kock op die mosie verwerp, en die mosie wat ingedien is deur mnr. Martin Louw, ondersteun deur mnr. Jan Smith, met een enkele teenstem, andersins eenparig aangeneem.

## Arbeidsdemonstrasie op Vakansiedag

### O.B.-fondsdag met Sukses Bekroon

Die jaarlikse verkoping en verjaarsdagfunksie van die Stellenboschse O.B.-Kommando's verlede Saterdag, het die mooi som van ± £600 opgebring. Al die verrigtinge was gekenmerk deur die byna spreekwoordelike geesdrif en samewerking wat op Brandwagfunksies so uitstaan.

ROMMEL!

'n Aansienlike gedeelte van die fonds is ingebring deur die handewerk-verkoping, wat vanjaar van besonder hoogstaande gehalte was. Dit was die produkte van gesamentlike arbeid veral van die Studentekommando, wat met hul nuwe buro van „Rommelverwerking" uit afvalmateriale nuttige en bruikbare artikels vervaardig het.

Die verrigtinge is Saterdagaand afgesluit met 'n interessante kermis wat groot byval gevind het onder die jongere geslag.

ARBEID ADEL

Tenslotte verdien 'n lofwaardige poging vermelding: Deels om die ou-Afrikaanse vakansiedag van die eerste Maandag in Augustus te repudieer deur arbeidsdiens, en deels om op

(Vervolg op bls. 4, kol. 1)

## NA TWEE JAAR: 'N TERUGBLIK EN 'N UITDAGING

### Dit is Ons Stryd : Waar Staan Julle?

*Die Matie* vier hierdie week sy tweede verjaarsdag. Hy kyk beskeie maar met 'n mate van trots terug oor die eerste twee jare van sy bestaan.

Die koms van *Die Matie* op 1 Augustus 1941 as studentenuusblad en mondstuk van die A.N.S.-front hier was vir die meeste Stellenbossers 'n verrassing. Vir baie wat hom van die begin af getrou gelees het was dit 'n blye teken dat die Stellenbosse A.N.S.-student se geduld met Stellenbosse vrydenkery op 'n end was. „*Die Matie* moet ,liberalisme' die grootste skelwoord op Stellenbosch maak," het iemand dit raak uitgedruk.....

*Die Matie* se stryd was dus 'n noodwendige. Want om 'n stryd te stry, daarvoor het hy gekom. Die stryd was vanaf die begin die *anti-liberalistiese:* vir die vereniging van ons volk en ons volkslewe, téén alle skeiding van terreine soos godsdiens, politiek, kultuur, e.d.m.; vír die lewensbeskouing van ons volk as geheel.

Almal weet vandag dat *Die Matie* sy stryd op Stellenbosch onverbiddelik, met die krag van 'n geloof en sonder aansien van die persoon gevoer het in 'n studentegemeenskap waarin rigtingloosheid, beginselverwardheid en onverantwoordelikheid skrikwekkende afmetings aangeneem het.

## Interdebat

### Debatsver. U.S. vs. Soc.-ver. U.S.

**Môreaand om 7.30 n.m. in die Huishoudkundesaal vind daar 'n Interdebat plaas tussen die Sociologiesevereniging van U.S. en die Debatsvereniging van U.S.**

**Die onderwerp: „Die Westerse beskawing is dekadent," word ingelei deur mnr. Wicus Badenhorst en bygestaan deur mej. Stephanie Malan, albei sprekers vir die Sociologiese vereniging. Mnr. David v. d. Merwe en mej. Bettie Gericke tree as teenstanders op namens die Debatsvereniging.**

**'n Interessante bespreking word verwag en elkeen het 'n gulde geleentheid om sy of haar griewe teen die moderne beskawing te lug!**

**Almal hartlik welkom!**

Dit was rondom die vaandel van *Die Matie* dat 'n verenigde, verantwoordelike en ordelike A.N.S.-front homself geskaar het. Dreigemente, beledigings, banmosies en wat nog alles was aan die orde van die dag — en soos mis voor die môreson het hul telkens weer spoorloos verdwyn. *Die Matie* kon die een oorwinning na die ander aanteken. Want die Idee deur hom verkondig het gekom om te seëvier. In verset teen die verbrokkeling van ons volkslewe; in die blye geloof in ons Goddelik-bepaalde volksbestemming en ons onvernietigbare organiese volkseenheid, in die Afrikaanse volksbestemming van die 20ste eeu as skepper en draer van ons Boerevolkstaat, en in ons lotsgebonde arbeidsgemeenskap — dit is, in enkele woorde, die Idee waaraan ons in hierdie twee jare help bou het op die vaste fondament van gesag en verantwoordelike leierskap. En omdat ons nie wil agterbly in die tweede trek van ons volk nie, daarom staan ons vandag as studente op ons aangewese plek in die volksverband, heg saamgesnoer in die studentegemeenskap van ons volk, in die A.N.S. as studentefront van die groeiende volksbeweging.

* * *

Sovér het ons tot vandag gevorder. Hier staan ons as Stellenbosse

(Vervolg op bls. 4, kol. 3 en 4)

## STUDENTE BESOEK ADVERTENSIE-FIRMA

Verlede Woensdag, l.l., het die handelsielkunde studente die geleentheid gehad om saam met prof. Van Rensburg 'n uiters interessante en leersame besoek aan een van die grootste advertensiefirmas in ons land, t.w. die J. Walter Thompson Mky., Bpk., te bring. Die assistent bestuurder wat so vriendelik was om aan die besoekende studente 'n baie praktiese lesing te gee oor die werksaamhede van die firma, het hulle 'n baie goeie insig gegee in die omvang wat die advertensiewese as beroep reeds in ons land anneem, veral wat groothandeladvertensies betref. Baie interessante gegewens wat antwoord o.a. op die volgende vrae gee, is aan die studente verstrek:

Hoe moet die aandag op die advertensie getrek word? Waar en hoe moet adverteer word vir die beste resultate — in die pers, bioskoop, aanplakbiljette, strooibiljette, ens.? Waar moet die advertensie in 'n tydskrif geplaas word? Wat is die beste in advertensies: foto's of sketse? en nog baie ander dergelike vrae. Ongelukkig beskou die handelsstudente die besonderhede blykbaar as „besigheidsgeheime" en kan ons dit nie publiseer nie.

Na die besoek aan genoemde firma, is 'n besoek gebring aan een van die grootste nuusbladperse waar die studente kennis gemaak het met die kleinhandeladvertensie asook die publikasie van die advertensies.

As geheel was die besoek baie geslaagd.

## Verskoning

**Hiermee wens „Die Matie"-redaksie verskoning te vra vir die drukfout wat op die voorblad verskyn het. I.p.v.: „Die A.N.S.-student en sy Volk as Arbeid-Gereedskap" moet lg. gedagte lees „......Arbeidsgemeenskap." Die fout het blykbaar by die setters ingesluip.**

*Maties!*
**Maak ons u APTEKERS en wees verseker van ons beste AFRIKANER DIENSTE.**
DIE
**Voortrekker-Apteek**
Andringastraat, Stellenbosch

**HOOFKWARTIER : VIR : GESONDHEID —!**

VRIENDE ONTMOET MEKAAR OM 'N LEKKER KOPPIE KOFFIE BY
DIE SUIKERBOSSIE
Pleinstraat Stellenbosch

Kamers 501-520 Vyfde Verdieping

**R. W. van Ryn**

BRILMAKER.

Tel. 2-1944. Posbus 2637.

Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.

Laat u brilvoorskrif deur my voltooi word. Maak u keuse uit 'n groot verskeidenheid van moderne rame. Spesiale afslag vir Studente.

**INSPAN!**

*Waar gaan dit?*

**Ons gaan Koffie en Pannekoek geniet in**

**DIE UITSPAN**

**APTEKERS**

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.

**JOERNING en SEUN**
**(Eiens.) Bpk.**

Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

**DIE EIKE KAFEE**
**(Eienaar: G. H. van Zyl)**

*STUDENTE:*

Kom na die EIKE vir vars vrugte, sjokolade en tabak.

Ons waardeer u ondersteuning en verseker u van ons beste dienste.

**Die Plaza**
**Foon 0013.**

*SILVER FLEET*

*Vrydag en Saterdag,*

*6 en 7 Augustus*

**Matinee: Saterdag om 3 n.m.**

**DIE VOLKSBEWEGING IS DIE BELIGGAMING VAN DIE VOLK IN SY GESINS- EN ARBEIDSBESTAAN!**

## DIE MATIE

Alle korrespondensie aan:
D. F. VAN DER MERWE,
REDAKTEUR,
Dagbreek.

Deel III. 6 Aug. 1943. No. 18.

## J. POSTMA

Met die terugtrekking van mnr J. Postma van aktiewe deelname aan die A.N.S.-leiding, verloor die A.N.S. die laaste van die ou garde wat vanaf sy ontstaan 'n leidende aandeel geneem het in die ontwikkeling van die A.N.S.

Mnr. Postma was vanaf 1935 sekretaris van die Hoofbestuur en is in 1941 gekies tot Leier. In die jare het hy 'n belangrike aandeel gehad in die stryd wat A.N.S. moes voer teen NUSAS en later in die vaslegging van die meer positiewe strewe van A.N.S. vir die daarstelling van 'n staatstelsel gegrondves op ons volkstradisies en lewenshouding.

Hierdie stelsel, waarvan die grondslae uiteengesit word in die Vryheidsmanifes van 1940, is in 1941 prakties toegepas in die A.N.S. met sy aanvaarding van die Leierskapsbeginsel. Mnr. Postma wat in daardie jaar die leierskap van A.N.S. aanvaar het, moes hierdie hervorming in A.N.S. deurvoer.

'n Maklike taak was dit nie, temeer nog waar die volksverdelende stryd ook sy invloed in A.N.S. laat geld het. Mnr. Postma met sy besadigde en sterk leiding het egter daarin geslaag om die A.N.S. deur hierdie stormagtige jare te lei en die eenheid van die Bond te bewaar, sodat A.N.S. vandag as 'n sterk eenheidsfaktor in ons studentelewe die tweede dekade van sy bestaan kan binnegaan met 'n diepe besef van sy taak.

Onder die leiding van mnr. Postma het die A.N.S., veral met die uitbouing van die Volksbeweginggedagte verlede jaar en die beklemtoning van die sosiale aspekte daarvan op die jongste kongres, veel bygedra tot die verwesenliking van die Rewolusie van die Twintigste Eeu in Suid-Afrika.

## DIE DINAMIESE GEES

Besielend was op die jongste A.N.S.-Kongres die woorde van daardie uitstande A.N.S.ser, dr. P. J. Meyer, wat 'n mede-stigter van die Bond in 1933 was en vanjaar soos so dikwels tevore weer aan die jaarlikse sametrekking kom deelneem het.

Dr. Meyer het veral die dinamiese gees geroem waardeur die A.N.S. gedra word, wat hom in staat stel om altyd diep in die volkslewe te staan en waardeur hy die oorwinning kon behaal oor die gees van negasie en voortdurende onbeweeglikheid van diegene wat net wil kritiseer en nie hul gewig in die stryd gooi om iets tot stand te bring nie.

„Niemand is volmaak nie; niemand is 'n honderd persent-Afrikaner nie — so 'n man bestaan nie en sal nooit bestaan nie. Gooi u gewig in as vyfpersenter, en dan doen u meer as hy wat homself 'n honderd-persenter ag!

„Stoot daarby hom wat 'n een-persenter is nie af nie, maar trek hom nader, want hy is 'n beter mens as die self-voldane honder-persenter, die kritikus.

„Terwyl die skeurders negatief bly staan, sal ons as gebrekkige A.N.S.-sers konstruktiewe werk lewer en voortbeweeg in die stryd!"

## *GEVLEUELDE WOORDE.*

Ek glo dat... as 'n volk wil lewe, hy 'n wil tot mag moet ontwikkel, anders word hy lewendig dood, ly hy 'n treurige lewe en val hy 'n sterker volk ten buit in wie hierdie wil tot mag in hoër mate ontwikkeld is.

.....Stryd lê ten grondslag van alle dinge.... deur te probeer om kalmte, vrede, rustigheid te herstel, sou mens die tendense van die huidige tydperk van dinamisme bestry. Mens moet voorberei wees vir nog stryd en vir verder verrassings.

*— Benito Mussolini.*

# *Die Oorlog*

## SELFOORSKATTING EN ONDERSKATTING VAN DIE VYAND

*„De Waereldgeschiedenis is 't Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

*Deur Prof. J. A. Wiid*

Gedurende die afgelope week het daar niks beslissends aan die verskillende oorlogsfronte plaasgevind nie. Aan die Russiese front, veral in die gebied van Orel, word nog altyd die swaarste geveg. Hier het die Bolsjewistiese someroffensief, wat nou reeds byna 'n maand oud is, nog niks beslissends tot stand gebring nie. In Sicilië sou die Geallieerdes, volgens die jongste berigte, tot 'n nuwe aanval oorgegaan het. In die Verre Ooste bly die Amerikaanse offensief teen 'n paar van die Salomon Eilande — gebied wat deur die Japanners op die Britte verower is — nog maar altyd 'n gesukkel. Ook die sensasionele omwenteling in Italië het tot nou toe alleen aan 'n menigte hoopvolle teorieë en gissings in Geallieerde kringe geboorte gegee. Op die oomblik is Italië nog oorlogvoerend. Ons sal miskien nog dae of weke moet wag voor die buitelandse implikasies van die Italiaanse omwenteling juis beoordeel kan word.

Dit is moontlik dat die jongste gebeure in Italië weereens as waarskuwing vir oorlogvoerendes sal dien om nooit hulle vyande te onderskat nie. Onderskatting van die vyand en oorskatting van eie mag is 'n flater waaraan elke oorlogvoerende moondheid hom in die huidige oorlog skuldig gemaak het. Hierdie onderskatting en oorskatting is nie tot grootpraterige propaganda beperk nie, maar die nugtere en deskundige oorlogsleiding in verskillende lande het hom daaraan skuldig gemaak. Daar was waarskynlik min Pole wat op 1 September 1939 geglo het dat hulle land binne agtien dae nie meer oorlogvoerend sou wees nie. Daar was waarskynlik min mense in Noorweë, Holland en België wat aanvang 1940 geglo het dat hulle lande, gesteun deur magtige Franse en Britse bondgenote, binne enkele dae deur Duitsland beset sou wees. Daar kan ook met sekerheid aangeneem word dat Brittanje en Frankryk in selfoorskatting die mag van die Nasionaal-sosialistiese Duitsland onderskat het toe hulle op 3 September 1939 oorlog verklaar het. Dit kan ook met sekerheid aangeneem word dat die Duitsers die mag van Rusland, Amerika die mag van Japan en Italië die mag van die Britte hopeloos onderskat het. Hierdie selfoorskatting en onderskatting van die vyand is altyd baie gevaarlik en in die loop van die huidige oorlog was dit dikwels die oorsaak van groot nederlae en die bron van veel onheil vir die eie land en volk.

**Geallieerde Lugaanvalle en Ooswaartse verskuiwing van Duitse Nywerhede.**

Dit is derhalwe verkwikkend om af en toe uit die mond van Amerikaanse en Britse staatsliede 'n waarskuwing teen selfvoldoening of selfvergenoegsaamheid, d.w.s. teen selfoorskatting en onderskatting van die vyand te verneem. In 'n stryd om lewe en dood wanneer die „blink kant" altyd bogehou moet word en wanneer objektiewe nugterheid en defaitisme soms as sinonieme beskou word, is waarskuwings teen selfoorskatting en onderskatting van die vyand nie maklik nie.

Met die oog op die intensiewe Geallieerde lugaanvalle op Duitse en Italiaanse stede en die oordrewe optimistiese verwagtings wat die Geallieerde propaganda van dergelike lugaanvalle koester, is dit interessant om te verneem wat die Londense Times van 'n paar maande gelede in hierdie verband geskryf het. Volgens die blad sou daar 'n reorganisasie van militêre en industriële reëlings in Duitsland plaasvind. Baie vliegtuig-fabrieke in Frankryk word b.v. gesluit, en ander word opgerig in Suid-Duitsland en Sentraal-Europa. Daar is dus 'n ooswaartse verskuiwing van die nywerhede en arbeid. Produksie word opgeknap in die nuwere fabrieke van Slowenië, Kroasië en Hongarye. Hier reken die Duitsers op baie elektriese waterkrag en aluminium vir werke wat in moeilike landskappe versteek is. Nagenoeg 6,000,000 werkliede sou nou in Suid-Duitsland en Sentraal-Europa besig wees. Aldus die Londense Times.

Dit kan met veiligheid aangeneem word dat 'n ooswaartse verskuiwing van nywerhede en arbeid op groot skaal in Duitsland plaasgevind het en nog plaasvind. Hieruit volg dat die vroeër lewensbelangrike Wes-Duitse nywerhede nie langer lewensbelangrik is nie. Indien dit die geval is, dan kan die Britse en Amerikaanse lugaanvalle op Wes-Duitse nywerheidstede vir die oorlogvoering nie so beslissend wees as die Geallieerde oorlogberiggewing te kenne wil gee nie. Die lugaanvalle kan dus veel ongerief en ellende vir die betrokke bevolkings veroorsaak, maar op sigself kan dit geen beslissing bring nie as die oorlogsnywerhede verskuif en buite die trefafstand van Geallieerde bomme is.

## „'N GELUKWENSING"

Van harte wens ek namens ons Bond „Die Matie" geluk met sy tweede verjaarsdag. Dat hy nou reeds twee jaar lank elke week gedurende die akademiese jaar sy verskyning maak, spreek van 'n pligsbesef en 'n verantwoordelikheid teenoor die stryd wat hy help voer, wat tipies is van die dinamiese gees van die Tweede Afrikaanse Volksbeweging.

Solank die A.N.S. hierdie gees behou en die nadruk laat val op konstruktiewe werk teenoor die doodsheid en ondergrawing van volkskragte in baie kringe, solank hy ywerig is om die stormafdeling in die volkstryd te bly, sal hy sy waarde en plek in die volkslewe self aanwys en sal sy publikasies 'n frisse gees adem.

Ek vertrou dat „Die Matie" in die nuwe jaar as mondstuk van 'n doelbewuste front in die Stellenbosse studentegemeenskap net so wakker as in die verlede met sy Bond en met sy volk sal voortbeweeg.

W. A. JOUBERT,
Leier.

Mnr. Hennie Marais is aangestel as sekretaris van die A.N.S.-tak, Stellenbosch, in die plek van mnr. Stephen Joubert wat hom nou meer bepaald sal toelê op die Arbeidsdiensleiding.

**Rook Springbok-Sigarette**

# Wetenskap en Wysheid

*G. F. S.*

## Die Ouderdom van die Aarde

Radium gee 'n aanduiding van die aarde se ouderdom, wat volgens dr. Arthur Holmes, uitstaande Britse outoriteit oor geologiese verskynsels, meer as 1,750 miljoen jaar is. Nadat hy die getuienis in oënskou neem volgens die nuutste informasie, kom dr. Holmes tot die gevolgtrekking dat die ouderdom van die aarde meer as 2,000 miljoen jaar is. Ander bewyse, waarvan meeste sterrekundig is, dui aan dat die aarde nie ouer as 4,000 miljoen jaar kan wees nie. Van getuienis wat hy van baie bronne versamel het, gee dr. Holmes aan die hand dat „die aarde, die sonnestelsel, meteoriete en die melkweg almal terselfder tyd ontstaan het — sowat 2,000 miljoen jaar gelede."

* * *

Die Honde-ster, Sirius, het 'n dowwe metgesel, wat met teleskope van magtige sterkte sigbaar is. Daar is 'n metode om die digtheid van sterre te vind. Toe hierdie metode op die metgesel van Sirius toegepas is, het dit aangetoon dat die digtheid daarvan 50,000 maal dié van water is, en dit is natuurlik aangeneem dat die metode foutief is. Sterrekundiges het toe gepoog om die bepaling van digtheid met 'n ander metode, wat op Einstein se relatiwiteitsteorie berus, te verkry. Die tweede metode het die hoë digtheid bevestig. Die stof, waaruit die metgesel van Sirius bestaan, is 2,000 maal so dig as platinum. Gestel ons het 'n vuurhoutjie-dosie daarvan. Dit sou 'n hyskraan nodig hê om dit op te lig — dit sou 'n ton weeg!

# „Die Matie-Redaksie"

Ons wens die aandag van ons lesers daarop te vestig dat die redaksie geherorganiseer is en dat *bydraes vir die blad by die volgende persone, liefs voor 11 v.m. Woensdae ingehandig moet word:*

### HOOFREDAKSIE

*Hoofredakteur:* David van der Merwe, Dagbreek.
*Tegnieseredakteur:* Piet Mans, Victoriahuis, Dorpstr.
*Assistentredakteur:* Hennie Marais, Dagbreek 18 — 10.
*Nuusredakteur:* Charl Colyn, p/a. mev. Pienaar, v. Riebeekst.
*Sportredakteur:* Jan Smith, Dagbreek.

### SUBREDAKSIE

**Verenigingsnuus:**
Gerhard Schutte, Dagbreek.
Noelle Grobbelaar, Huis-de-Villiers.
Bettie Gericke, Harmonie.

**Sosiale-Studentenuus:**
Elize Dürr, Sonop.
Hansie Markotter, Sonop.
Liset Radloff, Sonop.
Annette Brink, Sonop.
Annatjie Roux, Huis-ten-Bosch.
Elza Joubert, Harmonie.

**A.N.S.- en Universiteitsnuus:**
Willem Boonzaier, Protea.

### BESIGHEID EN INTEKENAARS

*Boekhouer:* Mnr. Lubbe, Soete Inval 8, Victoriastr.
*Advertensies:* Sarel du Toit, p/a. Pro-Ecclesia, Die Laan.
*Verspreiding:* Anna Lombard, Huis-de Villiers.

# PLATE-PROGRAM

**Sondag, 8 Augustus**
**8.30—9.30 n.m.**

*Wolfgang Amadeus Mozart*
*(1756 — 1791).*

Van alle musiekkunstenaars is Mozart die veelsydigste. Uit sy pen het gevloei werke van monumentale omvang in byna al die afdelings van sy kuns, die opera, die simfonie, kamermusiek — op elke gebied pryk die naam van Mozart in 'n mindere of meerdere mate.

As mens sy kort leeftyd vergelyk met die hoeveelheid werk wat hy gelewer het, kan mens aanneem dat die kunsgeskiedenis anders sou gewees het met 'n Mozart wat die leeftyd bereik het van sy tydgenoot, Haydra.

1. Overture uit „Don Giovannie."— Die eerste opvoering van die opera het plaasgevind op die 29ste Oktober 1787, in Praag. Die aand voor die opening het die Overture nog nie bestaan nie. Gedurende die nag het hy dit geskryf en die aand moes orkeslede die musiek van die blad af speel.

2. „Eine Kleine Nachtmusik." — Hierdie stuk is in 1787 gekomponeer vir vyf snaarinstrumente.

3. Simfonie No. 41 in C. (Jupiter). — Die jare 1786 — 1791 was die hoogtepunt van sy vrugbare loopbaan. In hierdie periode het dit gelyk of sy grootste operas en simfonieë met mekaar gewedywer het om geskep te word, asof bevrees dat die dood hul skepper sou opeis voordat hul geskep kon word. Die jaar 1788 getuig dan van die ontstaan van sy drie laaste en grootste simfonieë, No's. 39, 40 en 41, al drie binne die bestek van ses weke. Alleen die naam Jupiter is voldoende bewys van die grootheid van hierdie laaste simfonie.

*D. Conradie.*

Mnr. N. Rootman wat sy graad in Liggaamsopvoeding Juniemaand verwerf het, het 'n pos in Potchefstroom gekry, waar hy in 'n aantal skole aangestel is.

* * *

Met die lang naweek was heelwat Groote-Schuur mense by die voetbal opgemerk, o.a. mnr. H. Grové, en mnr. Slabbert.

* * *

Mnr. Rouzi Kamfer, oud-Matie, tans onderwyser aan die Seuns H.S. te Oudtshoorn, was op besoek in Stellenbosch.

* * *

Die verkoue-epidemie heers tans straf: Talle studente en ook dosente is hierdeur afwesig van klasse. Proff. D. Lategan (Kweekskool) en W. M. Malherbe (Regsfakulteit) is nog ongesteld.

### Ons Nuwe Rubriek

**„Die Matie" wil graag mnr. Fritz Stegmann, voormalige assistentredakteur, van harte terugverwelkom as medewerker op die redaksie. Mnr. Stegmann wat tans assistent-lektor is in Chemie, sal D.V. voortaan weekliks 'n rubriek lewer i.v.m. die Wetenskap.**


*Dames!*

*Alles wat u nodig het, is teen die billikste pryse en met vriendelike bediening te kry by*

**DIE KAROO-BAKEN-DAMESUITRUSTERS**
Eienaar: H. J. A. SMIT (Baken)
**Birdstraat 33, Teenoor Die Braak**
**STELLENBOSCH**


# Onder Onsies

Mnr. E. Visser, wat vroeër sy S.O.D. op Stellenbosch geloop het, en nou onderwys in Seepunt gee, is in die vakansie getroud.

* * *

Mej. Sadie Viljoen van Macdonaldhuis, derdejaar B.Com., het haar onlangs verloof aan mnr. Wahl.

* * *

Mej. Marie Wium van Drosdy, het gedurende die vakansie 'n knie-operasie in Johannesburg ondergaan.

* * *

Mej. F. Collier, wat haar H.P.O.D. hier verwerf het, en in Queenstown onderwys gegee het, is gedurende die vakansie getroud.

### BASAAR !

- **U word herinner aan die C.S.V.-BASAAR, môre in die gebou van die C.S.V.**
- **U ondersteuning sal baie waardeer word in hierdie onderneming.**

Mnr. Boet Louw het 'n pos in liggaamsopvoeding in Springs gekry, en het verlede week daarheen vertrek.

* * *

Mej. Helene Steyn het gedurende die vakansie 'n operasie aan haar voet ondergaan. Gedurende haar siekte was mnr. Koos Meyer 'n gereelde besoeker.

* * *

Mnr. J. Nell, wat na Pretoria Universiteit sou gaan, het besluit om dit net 'n besoek te maak, en is weer terug in ons midde.


**Darters**
Pleinstraat, Stellenbosch

*Vir waarde in*

★ *Boeke*
★ *Skryfbehoeftes*
★ *Kunsmateriaal*

*Dames!!*

Net
TANT
MITA
Pleinstraat,

*Kan julle voorsien in*
*SNIT*
*SMAAK*
*VERSKEIDENHEID*

*Ondersteun die Alombekende Suid-Afrikaanse MUSIEK-FIRMA.*

Beroemd vir Diens en Kwaliteit van Benodighede

**R. MÜLLER**
**(Eiens.) Bpk.**
h/v Kasteel en Burgstrate,
KAAPSTAD
en
Pleinstraat, STELLENBOSCH.

*Maak Kennis met die*

**Nuwe Volkspele**

**Opgestel deur Hester Morrison**
(MEV. W. VAN HUYSSTEEN)
Met Musiek en Liedjies (grondgedigte) deur
**M. L. de Villiers**
Komponis van „Die Stem van Suid-Afrika."

*Hierdie Nuwe Volkspele is met groot sukses uitgevoer by geleentheid van die onlangse Volkspelekursus te Stellenbosch en die Oos-Kaaplandse kursus te Aliwal Noord.*

**Prys 4/3 posvry**

**Bestel by die uitgewers,**
**PRO ECCLESIA-DRUKKERY**
**Posbus 28, Stellenbosch**
**of by u Boekhandelaar.**

**Vir BLAKENDE GESONDHEID drink HEERLIKE**
**KWV**
**DRUIWESAP**

*Onthou! K.W.V.-Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum*

**AVBOB**
116 Takke — 44,000 Lede
Reserwefonds £113,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65
BLOEMFONTEIN
Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

**Rook Springbok-Sigarette**

